

Skrifgedeelte: Matteus 5:13-16

Fokusgedeelte: Matteus 5:16

Sout en lig in 'n bederfde, donker wêreld

Toe ons Here Jesus Christus voor die skares gepreek het, was hulle verwonderd oor dit wat hulle gehoor het. Dit kan ook nie anders nie, want dit is preke van God Self. In sy geheel volmaak en tot vertroosting, bemoediging, toerusting en vermaning. Die langste en die mees volledige van hierdie preke wat ons in die Bybel het, is die Bergpredikase in Matteus 5 – 7.

Die preek begin met die bekende Saligsprekings. Die burgers van God se koninkryk is waarlik gelukkig, want hulle leef onder die grondwet van God se koninkryk wat deur Christus bedien word. Koninkryksburgers ontvang nie net seën nie, maar leef ook 'n roeping uit. Ons is deur die versoeningswerk van Christus in die Koninkryk van die Here ingebring en onder sy heerskappy gestel, daarom moet ons nou in gehoorsaamheid aan Hom ons roeping uitleef. Al is ons nie van die wêreld nie, is ons steeds in die wêreld.

Die wêreld waarin ons leef, is gebroke en vol boosheid. Die sonde het bederf in die wêreld ingebring en 'n stikdonkerte oor die wêreld laat toesak. Die Here is tog genadig en stuur vir ons die Lig in die wêreld wat weer genesing en herstel bring. Ons Here Jesus Christus is die Lig vir die wêreld en in Wie ons nou ons lewenswandel kan rig.

Deur sy koms in die wêreld het Hy aan ons verlossing geskenk en nou het ons die roeping om sout en lig te wees. Die werking van sout is om smaak te gee en bederf te keer. Deur naby aan die Here se Woord te leef en ons optrede deur Hom te rig, kan ons waarlik sout wees. Deur die gelowige kind van die Here se heiligheid en verbintenis met Christus kan ons die werking van sout in hierdie lewe bring.

Die burgers van die Here se koninkryk kan nou die Lig waarin hulle wandel ook in hierdie donker wêreld uitstraal. Die profetiese getuienis wat ons daagliks uitleef, moet soos 'n lig in hierdie donker wêreld skyn. Dit kan alleen gebeur wanneer ons self daagliks in die lig van God se Woord leef. Wanneer ons waarlik sout en lig is, dien dit tot verheerliking van ons Koning se Naam.

Sing: Psalm 149-1:1, 2

Dr. C (Christiaan) Jooste (Magol)